NG GEMEENTE PAROW - PANORAMA - OGGENDDIENS
DATUM: 26 JULIE 2020
*REEKS: God se Asem tussen bladsye*
TEKS: Psalm 19

## 1. SKRIFLESING

- *Psalm 19*

Die openbaring van die Here is volmaak
1Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.
2Die hemel getuig van die mag van God,
die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.
3Die een dag gee die berig deur aan die ander
en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.
4Sonder spraak en sonder woorde,
onhoorbaar is hulle stem.
5Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld
en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde.
Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.
6As hy stralend begin om sy baan te volg,
is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.
7Aan die een kant van die hemel kom hy op
en aan die ander kant gaan hy onder,
en niks ontkom aan sy gloed nie.
8Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe.
Die onderwysing van die Here is betroubaar:
dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.
9Die bevele van die Here dui die regte koers aan:
dit bring blydskap.
Die gebod van die Here is helder: dit gee insig.
10Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas.
Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig.
11Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud,
soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.
12U dienaar laat hom daardeur leer.
Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning.
13Wie sien sy eie dwalinge raak?
Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie.
14Weerhou my van opsetlike sondes, laat hulle nie oor my heers nie.
Dan sal ek onberispelik wees en vry van hierdie groot sonde.
15Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees,
Here, my Rots en my Verlosser.

7. OORDENKING

Hoekom lees ons die Bybel?

As ek vanoggend vir elkeen van julle moet vra – Hoekom lees jy die Bybel? Sal ons heel waarskynlik 'n verskeidenheid van antwoorde kry:.

- Om riglyne vir my lewe te kry of God se wil vir my lewe te kry
- Om raad of leiding te kry oor 'n spesifieke saak
- Om tye weet wat is reg en verkeerd
- Om vir ander te wys wat is reg en verkeerd
- Om die teks en brontekste te dekonstrueer en die wetenskap van die Bybel beter te verstaan
- Omdat my ma hulle my so geleer het

En so kan ek aangaan gaan daar verskeie redes wees waarom ons die Bybel lees. Netso is daar ook verskeie rede waarom mense nie die Bybel lees nie. Alhoewel daar verskeie rede is waarom mense die Bybel lees of nie lees nie – sal die meeste gelowiges vir jou se dat die Bybel speel 'n belangrike rol in jou geestelike lewe. Die vroeë kerkvaders het dit mooi saamgevat toe hulle in die Nederlandse geloofsbelydenis, een van die drie belydenisskrifte van ons kerk, bely in artikel 2 dat die Bybel is een van die maniere hoe ons God leer ken. Ons ken Hom deur twee middele:

- Eerstens deur middel van die skepping en
- Tweedens maak Hy hom deur sy heilige en Goddelike Woord aan ons bekend.

'n Mens kan so verwonderd in die skepping staan en dink dat elke mooi blom of blaar of rots is 'n god. Oor die eeue heen is daar mense wat op allerlei manier 'n god in die skepping gaan soek het en dan later eintlik maar 'n selfgemaakte god begin aanbid. Daarom het ons die Bybel ook nodig. In die Woord leer ken ons die God wat die skepping gemaak het en onderhou.

Maar soms kan ons onsself so verdiep in die Woord dat ons later kan dink ons is self 'n god want ons redeneer en filosofeer oor al die mooi dinge. Dit kan meebring dat ons dink ons het God nie meer nodig nie. Die skepping help ons dan weer om ons eie

feilbaarheid en diep nood te besef. Dit is interessant om te sien dat dit juis is waaroor Psalm 19 gaan. Die psalmdigter, Dawid, besing God se skepping en Sy Woord, want die twee staan bymekaar.

## 1. Ons leer ken God deur die Skepping

*[2] Die hemel getuig van die mag van God,*
*die uitspansel maak die werk van sy hande bekend*

Die Nederlandse teoloog, AA van Ruler het gesê:
"*Elke geskape ding is 'n Naam van God!*"

Hiermee bedoel hy iets in die lyn:

- "Ek hoor die donderweer en God se naam is "Onsagwekkend."
- Ek hoor die sagte reën en God se naam is sorgsaam.
- Ek sien die sterre en ek dink aan sy oneindigheid. God se grootsheid.

Ek dink elkeen van ons raak diep bewus van God se teenwoordigheid, veral as jy langs die see staan. Ons sien rondom ons hoe seisoene verander, hoe eendag warm is en 'n volgende koud. Die Nederlandse geloofsbelydenis verklaar dat ons juis God sien deur die manier wat Hy die wêreld/skepping onderhou en regeer.

Artikel 2 skryf:

"*Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien".*

Ons ervaar, beleef en leer God ken deur die manier wat Hy die Skepping onderhou. Maar dikwels as ons die Woord skepping hoor, dink ons net aan die aarde. Psalm 19 praat ook oor die mens as skepping van God. Die manier hoe Hy vir my en jou in Sy hande hou, getuig ook van wie en wat Hy is. Van sy almag, sy teenwoordigheid en Sy liefde.

Ons leer God ook ken deur ons optrede, ons manier van dink en van glo. Daarom dalk dat die Psalmdigter bid en vir God vra:

> *15 Mag wat ek sê*
> *en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees,*
> *Here, my Rots en my Verlosser.*




Dawid raak so opgewonde oor God se skepping dat Hy dit oorsit in loftaal. Hy staan in verwondering oor wat God doen. Dalk leer die psalmdigter ons, dat ons somtyds net 'n slag rondom ons moet kyk om God weer raak te sien.

Legende van die mense

Hulle vertel die legende dat lank lank gelede toe die aarde nog woes en leeg was, het God by Homself gedink dat dit nie goed lyk nie. Hy het in vyf dae die aarde gemaak en gesê dit is goed. Hy neem toe sy engele op 'n toer van die aarde. Hy wys hulle die berge. Hulle reaksie was een van verstomming: "Hulle getuig net van U grootheid!" Hy neem hulle toe na die groen bome en die engele sê: "Hulle is soos vingers wat na U sal wys!" Elke verder item van die skepping laat die engele in groter verwondering staan. Aan die einde van die God-begeleide toer roep Gabriël spontaan uit: "*Here dit is absoluut volmaak!*" Die engel bars in lofsang uit en sing tot eer van God. Na die lofsang daal daar 'n stilte oor die aarde neer. Die hand van 'n junior engeltjie gaan stadig op. Die skare engele se aandag is op hom gevestig terwyl die Here vir hom vra: "Ja?" "Jammer, u Majesteit, ek dink iets skort met die aarde." Gabriël tree dadelik na vore en sê: "Ek dink jy moet onmiddelik onverskoning vra." "Nee, Gabriël, laat die engeltjie praat. Vertel vir ons wat skort." Hakkelrig begin die bewende engeltjie praat: "*Stemme...korrt...hhieer... wat nes ons...in die hemel...U kan loof!*"

Die psalmdigter wil juis sê:

> *Die hemel getuig van die mag van God,*
> *die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.*

2. Ons leer ken God deur die Woord

*[8] Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. [9]*

Ons dink baie male dat ons die Woord kan skei van die Skepping. Vir Dawid is daar geen twyfel dat hierdie twee in een geweef is. Jy kan nie die Skepping verstaan sonder die Woord nie en jy gaan ook nie die Woord verstaan as jy nie deel is van die Skepping nie! Ons ken God eintlik duideliker en meer volkome uit sy Woord. Die prediking van die skepping kan nie aan ons gee wat God se Woord kan doen nie (Ridderbos). Daarom, naas die lofsang van die natuur op die werke van God, word sy wet beklemtoon as die duideliker en mees volkome kenbron. Dit is al wat nodig is vir ons lewe tot sy eer en tot saligheid vir dié wat aan Hom behoort.

Die NGB artikel 2 sê:

*Tweedens maak Hy Hom deur middel van 'sy heilige en Goddelike Woord' nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort."*

Juis die Woord vertel ons van die Saligmaker, Jesus Christus wat ons uit genade van ondergang red. Ons staan egter nie eerste in die ry nie. God se eer en verheerliking staan voorop. Ons leer hoe om God te vertrou en lief te hê in die Skepping deur Sy Woord. Jy kan nie die skepping verniel en in die selfde asem God wil uitleef nie. Ons leer juis omgee, bewaar, liefhê en versorg in God se Woord. Voorwaar, die skepping se getuienis oor God laat 'n mens dikwels sonder woorde voor God staan, daarvoor het ons Sy Woord ontvang om juis Sy lof te kan besing. Daarvoor het God vir jou en my gemaak om Hom te verheerlik, nie net in ons aanbidding en bestudering van die Woord nie, maar veral ook in die Skepping. Die oomblik wat ons God so leer ken, kan ons nie anders as om by Dawid aan te sluit by sy offergebed nie.

Hoor hoe bely hy in vers 13- 14

*[13] Wie sien sy eie dwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie. [14] Weerhou my van opsetlike sondes, laat hulle nie oor my heers nie. Dan sal ek onberispelik wees en vry van hierdie groot sonde*

In God se Woord lees ons van

- God se beloftes van liefde, omgee en sorg.
- Van sy liefde deur Jesus Christus wat vir ons sondes gesterf het en verlos het.
- Ons leer ook wat God van elkeen van ons vra
- en hoe ons daaraan gehoorsaam kan wees.
- Namate ons God leer ken, verander dit ons houding teenoor Sy Skepping en Sy Woord.

Daar is 'n man wat sy ma, wie aan Alzheimer's gely het, besoek het. Sy het lankal reeds kontak verloor met die mense om haar. Hy vertel dat hy na haar geloop en gevra het: *"Ma, weet Ma wie ek is?"* Geen reaksie nie! Hy het weer gevra: *"Ma, weet Ma wie ek is?"* Geen respons nie. Vir die derde maal het hy gesê: *"Ma, weet Ma wie ek is?"* Terwyl hy omdraai om te loop, het sy ma as volg gereageer: *"Wel, as jý nie weet wie jy is nie, kan ék jou nie help nie!"* Ons vergeet heel dikwels wie ons. Ons is kinders van die Lewende Drie-enige God. Ons leer ken onsself en wie ons is – in God se Woord. Hoe meer ons God leer ken, hoe meer ken ons onsself.

| Hoekom lees ons die Bybel? |
|---|

Om God te leer ken. Mag ons, God leer ken in Sy Skepping en Sy Woord, soos wat Hy Homself openbaar. God het jou en my geskape sodat ons hom met ons lewens kan loof op aarde, mag ons lofprysing vir Hom aanneemlik wees.
AMEN